

**Skriflesing:** Romeine 9:6-33

Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 paragraaf 9**

**Teks: Romeine 9:11; 20-21**

**Sing- Ps 149:1,2; Sb.34:3; Ps 94:1,5**

Die uitverkiesing word in die deel van die Dordtse Leerreëls genoem **die bron van alle saligheid**. Alles begin daarby. **Geloof, geloofgehoorsaamheid, heiligheid... ens.** Dit is eintlik onmoontlik om alles op te noem wat vanuit die uitverkiesing voortspruit. Nou kom ons sommer dadelik by 'n groot probleem tussen ons belydenis en die Remonstrante. Die Remonstrante plaas die geloof vooraan. Volgens hulle oortuiging is die geloof 'n voorwaarde vóór 'n mens uitverkies kan word. Daarom sal hulle ook sê dat God het my uitverkies *omdat* ek glo. Hulle maak geloof die bron, volgens hulle vloei die uitverkiesing voort op grond van dat God na my kyk en God wat dinge vooruit kan sien, daarom het God vooruit kon sien watter mense is dié wat sal glo, en op grond van 'n vooruitgesiene geloof het dit God dan daarby gebring om hulle te kies wat God vooraf op grond van sy alwetendheid sou kon sê dit is die mense wat sal glo daarom sal hulle die uitverkorenes kan wees.

Hierdie voorwaarde wat God aan ons stel, voor ons uitverkies kon word, strek dan eintlik nog verder, want glo die Remonstrante ook dat my gehoorsaamheid aan God, die manier waarop ek lewe, of ek wel heilig wil lewe, ja dit wat van ons kant moet kom moet ook eers reg en vir God goed en aanvaarbaar wees, voor ek myself as 'n uitverkorene van God mag sien. Die uitverkiesing is dan eintlik 'n soort van beloning vir die mens wat gekies het om reg te lewe.

\*\*\*

In die verwerping van die Remonstrantse dwalings sal u ook kan nagaan dat die sinode in hfst. 1 paragraaf 3 rondom die verwerping van Remonstrantse leerstellings dit duidelik stel dat God nie bepaalde voorwaardes tot die uitverkiesing vooropgestel het nie. Die Remonstrante het gestel soos aangehaal- "Dit bestaan daarin dat God uit alle moontlike voorwaardes - soos byvoorbeeld die werke van die wet - of uit die orde van alle dinge, die wesenlik onverdienstelike daad van die geloof en die onvolmaakte gehoorsaamheid daarvan tot 'n voorwaarde vir die saligheid uitverkies het. Dit sou Hy dan genadiglik wou

reken as 'n volkome gehoorsaamheid en dit waardig ag om met die ewige lewe te beloon”.

\*\*\*

Nou moet ons fyn trap in wat ons verlede keer in paragraaf 8 reeds na kon kyk dat die Remonstrante by alles, nog ook by 'n veelvoudige uitverkiesingsleer staan. Dat daar 'n nie-beslissende uitverkiesing kan wees, wat kan verander op grond van hoe jy bereid is om kind van God te wees of nie. Om dit nou plat te sê dat 'n mens kan homself uit sy uitverkiesing uit sondig... Daarom word dit vooraf as 'n *nie-beslissende uitverkiesing* gestel.

Volgens hierdie dwaling is die beslissende uitverkiesing 'n latere daad van God as God dan kon sien dat ek in my geloof wil volhard wat Hy reeds met die *vooruitgesiene geloof* na my wou begin kyk. Dat daar bekering is, heiligheid, godsvrug, al hierdie mooi dinge laat die Remonstrante glo dit maak ons waardiger as die mense wat op die einde dan nie uitverkies is nie. Soos die Remonstrantse opvatting dan ook opgesom staan in die verwerping van die dwalings hfst. 1 paragraaf 5- “Die geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding is dus nie vrugte of gevolge van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, maar noodsaaklike voorwaardes en oorsake daarvan. In die geval van uitverkorenes, is dit vooraf vereis en vooruitgesien asof hulle dit reeds volbring het”.

\*\*\*

Al hierdie afdraaipaaie wat die Remonstrante met die leer rondom die uitverkiesing wil vat, is so gevaarlik. En die kern van hulle probleem, soos wat ons vandag nog baie keer by mense sien, ook in ons land en ons politiek wat 'n menseregte uitgangspunt wil handhaaf- dat die mens se eintlike probleem is die posisie wat Satan in die paradys die mens al wou voorhou. Satan wil hê dat ons moet glo dat ons sonde en die sondeval nie werklik so ernstig is en so ingrypend is, as wat dit werklik vir God is nie. Hoe het Satan vir Eva gesê – die Here is eintlik maar net bang of “versigtig”- dat ons oë sal oopgaan en ons dan kan sien dat ons eintlik *soos God sal kan wees- deur goed en kwaad te ken...*

\*\*\*

En wat die sondeval teweeggebring het, ons totale val, ons diepste ellende, die grootste mislukking wat die mens van sy lewe kan maak, daarin het ons almal geval maar die Remonstrant wil bly glo dat die sondeval kon darem nie wees soos wat ons belydenis dit nou maak nie- volgens hulle het daar die wil en die vermoë in die mens kon agterbly, wat hom/haar eintlik nog die reg gee dat ek as mens vir God kan kies. Die mens kan dit vir homself doen, daarom moet ons van ons kant vir God kies, en vind hulle dit totaal onaanvaarbaar dat die mens uit homself niks aan sy uitverkiesing kan bydra nie. Dat die mens uit homself tot niks goed in staat is nie, soos die Kategismus dit ook stel (Son 3, V8), ja **dat ons tot alle kwaad geneig is**, erger nog- **van nature geneig is om God en ons naaste te haat** (Son 2, A5) , dit is nie die belydenis van 'n Remonstrant nie.

\*\*\*

Al wat die uitverkiesing eintlik maar vir die Remonstrant beteken is dat die Here alwetend is, en omdat God kan weet dit wat alles gaan gebeur daarom het Hy die mense uitverkies wat aan sy voorwaardes vir die geloof sal kan voldoen. Dit sluit nog nie noodwendig die verkiesing tot hulle saligheid in nie, want hoe die mens in sy geloof gaan optree sal eers moet bepaal of ek gered gaan word of nie. Die uitverkiesing tot saligheid gebeur dan ook volgens hulle op 'n wyse anders as jou verkiesing tot geloof?!

En juis is dit die kern van paragraaf 9, dat ons uitverkiesing nie 'n beloning is vir wat ons vir God in ons lewe kon beteken nie. God het sy kind nie uitverkies, omdat hierdie kind glo nie. God verkies sy kind, sodat hierdie kind kan glo. Ons bely nie OMDAT nie, maar SODAT! Die uitverkiesing en die besluit daarom wat van voor die grondlegging van die wêreld strek, is hoegenaamd nie van ons as mense afhanklik nie. Dit is eintlik so verwaand van 'n mens om te dink die alles-omgekeerde sondeval raak ons net gedeeltelik maar ons kan uit onself darem nog regmaak dit wat ons verbrou het. Ons moet net wys dat ons regtig wil glo, dan sal God ons genadig wees, so genadig dat Hy dan vir my by sy uitverkorenes sal insluit.

\*\*\*

Daarom het ons die uitverkiesing as die bron van alles bely, die fontein wat alles voorafgaan, en waaruit alles gaan voortspruit. As ek glo en ek is aan Gods gehoorsaam en ek wil tot eer van God lewe, en ek verlang werklik dat my lewe anders moet wees in die

lewe van daaglikse bekering, en hierdie selfde lewe wil ek tot God as 'n offer van dankbaarheid stel, ook stel ek my in 'n lewe van heiligmaking wat maak dat ek myself in my sonde haat en die haat maak dat ek werklik berou het oor my sonde en ek van die sonde wil wegvlug, ek is bereid om my ou sondige natuur daaglik te kruisig, maar ek sterf nie net die ou mens af nie, maar ek wil ook die nuwe mens in my sien opstaan, broeder en suster, en ek hierin Christus en al sy weldade aanneem, en ek in alle opsigte die skatte en gawes wat God aan sy kinders uitdeel, en ek dit wil aanvaar, geliefdes, aan die einde van dit alles, wat sal ons vir onself kan sê?! Weet u net omdat God u uitverkies het, daarom is dit alles vir u moontlik gewees! Om geen ander rede as net op grond van God se genadige verkiesing het Hy wat God is jou by Christus ingelyf en al hierdie ander dinge jou toegereken en geskenk. Daar is niks van hierdie lang lys van dinge wat ons genoem het, ja, ek sou niks daarvan kon ontvang as God my nie uitverkies het nie.

\*\*\*

Dit is wat paragraaf 9 Dordtse Leerreëls baie duidelik wil stel, ons is nie uit ons geloof verkies nie, ons is verkies tot geloof. God stel nie allerhande voorwaardes aan ons alvorens ons uitverkies kon word nie, want in alle geval sou ons uit onself nie eers aan een enkele voorwaarde van God kon voldoen as dit van ons moes afhang nie. Die verkiesing hang genadiglik van geen kwaliteit van ons as mense af nie. Nie ons hoedanighede of op watter wyse ons enige van God se voorwaardes nagekom het nie! In paragraaf 10 sal ons nog sterker hierop terugkom.

Dit is eintlik reeds weer 'n onuitspreeklike troos wat ons belydenis ons bied om in hierdie waarheid te mag weet dat my verkiesing berus nie op my geloof nie, maar my geloof rus op God se werk, op Sy verkiesing. As God jou uitverkies het dan sal jy glo. Kom ons sê dit ook anders- Al wil jy dalk ook nie glo nie, en niemand van ons sal uit onself wil of kan glo nie, maar as jy uitverkies is dan sal jy glo. Hier staan ons weer by paragraaf 6, hoe verhard 'n mens ook al mag wees, God sal so 'n **harde hart ontvanklik maak en tot die geloof ombuig**. Hierby staan ook paragraaf 7 dat God werk kragdadiglik. **God roep en trek die gelowiges kragdadiglik tot Hom, deur sy Woord en Gees.**

Wanneer ons Romeine lees, dan kom dit alles terug en dit staan vas dat God is die Pottebakker en ons is die klei. Romeine 9:20-21- *Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?* Dit bevestig maar net weer Hand.13:48- *daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe...* vir die woord ordineer staan in die Grieks die woord – τάσσω- wat wys op wat vasgestel is, wat ingestel is, dit is so bepaal, wat dan ook kan beteken dat hierdie aanstelling deur God gedoen is.

Soos God Self 'n lewendige fontein is, (Art. 1 NGB) – Hy die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is- nou bely ons vandag in paragraaf 9 die uitverkiesing ook as 'n fontein- **die bron van alle saligheid waaruit geloof, heiligheid en al die ander saligmakende gawes, en uiteindelik die ewige lewe self, as vrugte en gevolge daarvan vloei. Die apostel getuig immers: Om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees (Ef. 1:4), en nie omdat ons alreeds so was nie.** Ons weet dat uit 'n fontein kom water. 'n Natuurlike fontein is nie iets waarin ons moet water gooi om weer water daaruit te kry nie. In geen opsig is 'n vars water fontein op enige stadium of wyse afhanklik van dit wat ons na die fontein bring nie. Ons kan niks tot so 'n fontein bydra nie, behalwe om van die heerlike water te drink. Die mens kan wel nie so 'n natuurlike fontein tot stand bring nie, maar ons kan dit besoedel dit wat God ons vars aanbied. Dit is wat ons gewoonlik doen met wat God ons so vars aanbied, ons besoedel dit, soos wat met die uitverkiesing nou ook weer gebeur as mense nie in eenvoud wil aanvaar wat hier staan nie, maar met hulle eie gedagtes, woorde en werke hier wil inplons.

Terwyl ons eintlik maar net mooi moet lees wat God duidelik sê en dit nog weer duideliker bewys. Efesiërs 1:4 is die baie duidelike voorbeeld van ons belydenis- God het ons *uitverkies voor die grondlegging van die wêreld, om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.* Ons kan dit nou word- *heilig, sonder gebrek, voor God in liefde...* maar God het ons beslis nie voor die grondlegging van die wêreld kon uitverkies, omdat ons reeds so was nie! Nie eers Abraham of Paulus was daartoe in staat om enigiets tot hulle verkiesing by te dra nie. Ook hulle was alles behalwe sonder gebrek

wat in liefde hulle voor God kon stel dat God nou eintlik hulle vooruitgesiene geloof net moes verwerk tot om 'n uitverkorene te wees. Nie eers Abraham of Paulus of Jakob, of wie ook al kon dit hoegenaamd verdien om verkies te word nie...

Al word Abraham in die Bybel die vader van die gelowiges genoem. Het die HERE hom geroep en uitgekies omdat hy so gelowig was? Nee, want op die oomblik dat die HERE hom uit Ur van die Chaldeërs roep, makeer daar nog baie aan Abraham se geloof. Dan dien hy selfs ander gode. Ons lees dit in Josua 24:2- *So sê die HERE, die God van Israel: Oorkant die Eufraat het julle vaders gewoon en hulle het ander gode gedien. Die HERE roep vir Abraham wat ander gode dien en bring hom tot geloof omdat hy een van God se uitverkore kinders is. Ons sien dit ook by Paulus. Paulus het die Here Jesus en sy volgelinge gehaat. Dit was vir hom 'n vreugde om die christene te kon vervolg. Die man wat so vol haat teen die Christus is, is egter 'n uitverkore kind van God. Dit word ook duidelik waar Christus self hom op pad na Damaskus vanweë sy uitverkiesing hom tot geloof bring. Hy kom tot radikale bekering omdat God Hom eerste in Sy liefde uitverkies het. Dit het van voor die grondlegging van die wêreld gebeur.*

So werk dit ook met Jakob en Esau. Na hulle word daar ook in Romeine 9 verwys- Hulle was 'n tweeling en tog was die een verkies en die ander nie- vers 11- *Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie – dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep...* Dink ook aan dit wat die Here Jesus vir Sy leerlinge in Johannes 15 sê: *Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra.* God se genadige uitverkiesing in Christus is die bron vir die geloof en alles wat daaruit voortkom. Die HERE is nie net die God wat vir mense moontlikhede gegee het en nou as 'n toeskouer op 'n pawiljoen sit en kyk wie aan Sy voorwaardes voldoen en daarom deur Hom uitgekies word nie.

Watter genade om vandag nog steeds in die genade van God te mag roem. Genade om te mag weet dat die verkiesing nie op grond van ons werke is nie, maar uit Hom wat ons

roep. Rom 9:11- *nie uit ons werke nie, maar uit Hom wat roep...* Johannes sien God wat eerste roep, want God se liefde staan eerste- 1 Joh. 4:9-10 - *Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.* Wanneer ons dit besef hoe God eerste roep, omdat Hy ons eerste liefgehad het, dan besef ons nou wat ons weet God het ons uitverkies, nou is ons ook geroep tot geloof en heiligheid en al die ander saligmakende gawes, ja uiteindelik is ons geroep tot die ewige lewe self, om heilig en sonde gebrek in liefde voor God te wees. Dit alles is genade, want as dit ons werk moes wees, dan was dit verkeerd en niks sou reg kon wees nie- Romeine 11:6 staan dit ook- *En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie.*

AMEN

Paragraaf 9

